Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2017

# REKENINGKUNDE

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n 14-bladsye-antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die antwoordeboek wat verskaf word.
2. Waar van toepassing, moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.
3. Jy mag 'n nie programmeerbare sakrekenaar gebruik.
4. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
5. Waar van toepassing, maak alle berekeninge korrek tot een desimale plek.
6. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

| VRAAG 1: 45 punte; 30 minute | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekonsiliasies en interne beheer** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Begrippe, Bankrekonsiliasie en Debiteurerekonsiliasie<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Interne beheer en etiek |

| VRAAG 2: 75 punte; 45 minute | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vennootskappe – Finansiële state** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Begrippe, Inkomstestaat, Balansstaat en notas |

| VRAAG 3: 35 punte; 20 minute | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vennootskappe – Finansiële state en Vertolking** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Begrippe, Notas tot die Balansstaat<br>• Berekeninge en vertolking van finansiële inligting |

| VRAAG 4: 70 punte; 40 minute | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrotings;<br>Klubs** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Begrippe, kontantbegroting en vertolking van begrotingsinligting<br>**Finansiële rekeningkunde**<br>• Transaksies van sportklubs en grootboekrekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Interne beheer-prosesse |

| VRAAG 5: 45 punte; 25 minute | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Kosteberekeninge** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Begrippe, Algemene grootboek en berekeninge rakende vervaardigingsondernemings<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Voorraadstelsels en Interne beheer-prosesse |

| VRAAG 6: 30 punte; 20 minute | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vaste bates;<br>Probleemoplossing** | **Bestuur van hulpbronne**<br>• Bestuur van vaste bates, waardevermindering en nota<br>• Probleemoplossing |

## VRAAG 1: REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEER (45 punte; 30 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf jou antwoord teenoor elke vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 ’n Kredietsaldo op die bankstaat is ’n batige saldo.

1.1.2 ’n Vooruitgedateerde tjek ontvang van ’n debiteur, sal in die KOJ aangeteken word en as ’n uitstaande deposito in die Bankversoening-staat aangedui word.

1.1.3 Diensgelde, depositofooie, en bankheffings word saam gegroepeer as Bankkoste, op grond van die omsigtigheidsbeginsel van AARP.

1.1.4 ’n Verouderde tjek moet in die KOJ gekanselleer word. (4)

1.2 **Bankrekonsiliasie**

Die inligting hieronder is uit die rekords van Algoa Winkels vir September 2017.

**GEVRA:**

1.2.1 Identifiseer die items (met bedrae) wat in die KOJ aangeteken moet word. (7)

1.2.2 Identifiseer die items (met bedrae) wat in die KBJ aangeteken moet word. (6)

1.2.3 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 30 September 2017. (10)

**INLIGTING:**

A. Inligting uit die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2017:

| | |
|---|---|
| Debietsaldo volgens bankstaat | R84 000 |
| Kredietsaldo volgens bankrekening | 53 000 |
| Uitstaande deposito’s | 56 000 |
| Uitstaande tjeks: ▪ Nr 8040 (1 Maart 2017) | 5 000 |
| ▪ Nr 8440 | 8 500 |
| ▪ Nr 8447 (1 Oktober 2017) | 11 500 |

B. 'n Vergelyking van die bankstaat met die rekords van die besigheid, het die volgende verskille aan die lig gebring:

| ITEM | TRANSAKSIE |
|---|---|
| A | ’n Deposito van R56 000 is op die bankstaat, maar nie in die joernale van September 2017 nie. |
| B | ’n Deposito van R29 000 verskyn in die KOJ van September 2017, maar nie op die bankstaat nie. |
| C | Tjek Nr 8040, uitgereik om die eienaar se ledegeld te betaal, verskyn nie op hierdie maand se bankstaat nie. |
| D | ’n Direkte deposito van R8 000, gemaak deur die huurder, Gel Haarkappers, verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale nie. |
| E | Diensgeld van R540 verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale nie. |
| F | Rente van R200 is teen die bankstaat gedebiteer, maar nie in die joernale aangeteken nie. |
| G | Die bankstaat toon 'n geweierde tjek van R2 000, ontvang van debiteur, J Joseph. Die tjek is geweier weens onvoldoende fondse. Die besigheid moet hierdie transaksie nog aanteken. |
| H | Tjek Nr. 9020 ten gunste van krediteur RR Vervaardigers, verskyn as R5 400 in die KBJ, maar korrek as R4 500 op die bankstaat. |
| I | Tjek Nr. 8440 vir R8 500 is op die September bankstaat, maar nie in die September joernale nie. |
| J | Tjek Nr. 8520 vir R19 000 verskyn in die September KBJ, maar nie op die September bankstaat nie. |
| K | Tjek Nr. 8524 vir R15 000, vooruitgedateer vir 31 Desember 2017, is nie aangeteken nie. Dit is uitgereik aan Seconds Car Sales as 'n deposito op 'n voertuig. Hierdie tjek verskyn nie op die bankstaat nie. |
| L | 'n Tjek vir R3 000, gedateer 16 September 2017, is ontvang van debiteur, B Best, gedurende Augustus 2017. Die tjek is gedeponeer op 30 September 2017, maar geen inskrywings is gedoen om die transaksie aan te teken nie. Hierdie deposito verskyn ook nie op die bankstaat nie. |
| M | Die bankstaat toon 'n gunstige saldo van R45 000 op 30 September 2017. |

Kopiereg voorbehou 

1.3 **Debiteurerekonsiliasie**

Die inligting het betrekking op Jasmine Handelaars vir Julie 2017.

**GEVRA:**

1.3.1 Verduidelik waarom die saldo van die Debiteurekontrolerekening en die totaal van die Debiteurelys dieselfde behoort te wees. (2)

1.3.2 Toon die verbeteringe wat nodig is op elke debiteur se rekening om die foute en weglatings aan te teken. (10)

1.3.3 Die eienaar is bekommerd oor debiteure wat nie die 30 dae krediet-termyn nakom nie.

- Verduidelik *30-dae-kredietermyn*. (2)
- Wat behoort die kredietbestuurder te doen om te verseker dat slegs betroubare persone toegelaat word om goedere op krediet te koop? Gee TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

A. Saldo van Debiteurekontrolerekening op 31 Julie 2017, R38 940.

B. Debiteurelys op 31 Julie 2017:

| | | |
|---|---|---|
| A. Santos | D1 | 12 560 |
| B. Deepak | D2 | 9 840 |
| C. Mellissa | D3 | 7 660 |
| D. Rossie | D4 | 11 400 |

C. Die volgende foute en weglatings is opgemerk en moet aangeteken word:

(i) 'n Tjek ontvang van Mellissa vir R3 500 is foutiewelik aangeteken in die rekening van Rossie in die debiteure grootboek.

(ii) Goedere teruggestuur deur Santos, R780, is na die verkeerde kant van haar rekening oorgeboek.

(iii) 'n Tjek ontvang van Deepak, R4 000, is deur die bank teruggestuur, gemerk "V/T – vooruitgedateer".

(iv) Die Debiteurejoernaal is met R290 te veel opgetel.

(v) Kontantverkope aan Rossie, R1 250, is as kredietverkope in sy rekening aangeteken.

**45**

## VRAAG 2: VENNOOTSKAPPE – FINANSIËLE STATE (75 punte; 45 minute)

Die inligting hieronder, verskyn in die boeke van PB Winkels (met vennote Pinky en Brian) op 28 Februarie 2017, die einde van die huidige finansiële jaar.

**GEVRA:**

2.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017. Sommige bedrae is in die antwoordeboek ingevul. (33)

2.2 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat:

2.2.1 Kapitaal (8)

2.2.2 Privaatrekeninge (28)

2.3 Pinky is ontevrede met die manier waarop Brian sy belegging in die vennootskap bestuur.

2.3.1 Gee TWEE redes om te verduidelik waarom hy so voel. Gee in elke geval relevante syfers om jou kommentaar te staaf. (4)

2.3.2 Gee EEN voorstel wat die vennootskap kan gebruik om die probleem wat deur Pinky geopper is, aan te spreek. (2)

**INLIGTING:**

A. **Saldo's op 28 Februarie 2017 (tensy anders aangedui):**

| | |
|---|---|
| Kapitaal: Pinky | R 280 000 |
| Kapitaal: Brian | 350 000 |
| Onttrekkings: Pinky | 26 409 |
| Onttrekkings: Brian | 57 403 |
| Privaatrekening: Pinky (1 Maart 2016) | 22 369 |
| Privaatrekening: Brian (1 Maart 2016) | 32 412 (Dt) |

B. **Voor-aansuiweringsbedrae (onder andere) uit die Algemene Grootboek op 28 Februarie 2017:**

| | |
|---|---|
| Lening: Rode Bank | ? |
| Vaste deposito (9% p.j.) | 220 000 |
| Debiteurekontrole | 97 200 |
| Voorsiening vir oninbare skuld (1 Maart 2016) | 5 440 |
| Handelsvoorraad | 133 390 |
| Verkope | 993 250 |
| Koste van verkope | 685 000 |
| Huurinkomste | 117 250 |
| Versekering | 25 665 |
| Kommissie-inkomste | 58 545 |
| Verpakkingsmateriaal | 19 710 |
| Water en elektrisiteit | 32 180 |
| Salarisse en lone | 45 000 |
| Waardevermindering | 17 150 |
| Rente op belegging | 14 850 |
| Diverse uitgawes | ? |

C. **Aansuiwerings:**

(i) Die jaarlikse voorraadopname toon die volgende voorrade op hande:
- Handelsvoorraad, R130 540
- Verpakkingsmateriaal nie gebruik, R3 600.

(ii) Pas die Voorsiening vir oninbare skuld aan tot 5% van debiteure.

(iii) Rente op lening word gekapitaliseer. Die leningstaat ontvang van Biltong Bank toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo van lening op 1 Maart 2016 | R 374 600 |
| Terugbetalings gedurende die jaar (rente ingesluit) | 86 400 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo van lening op 28 Februarie 2017 | 327 000 |

(iv) Die huur vir Maart 2017 is ontvang. Let daarop dat die huur met R875 per maand verhoog is vanaf 1 Desember 2016.

(v) Versekering sluit in 'n jaarlikse polis van R5 820 wat op 1 Junie 2016 uitgeneem is.

(vi) Die water en elektrisiteitsrekening vir Februarie 2017 is nog nie betaal nie, R2 150.

(vii) Rente op belegging word nie gekapitaliseer nie. Rente vir die laaste kwartaal van hierdie finansiële jaar is nog nie ontvang nie

D. **Die Wins en verliesrekening** toon 'n netto wins van R311 135 nadat al die aansuiwerings in ag geneem is.

E. **Transaksies rakende die vennote wat slegs in die vennote se rekeninge aangeteken moet word:**

(i) Pinky het goedere met 'n verkoopprys van R9 590 uit die voorraad geneem vir persoonlike gebruik. Goedere word verkoop teen 'n winsopslag van 75% op kosprys.

(ii) Brian het 'n saketjek gebruik om sy persoonlike telefoonrekening van R5 100 te betaal.

(iii) Die vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende salaristoelaes:

Pinky, R113 400 p.j.
Brian, R7 800 per maand.

Die vennote is geregtig op 'n jaarlikse verhoging van 10% vanaf 1 Desember elke jaar. Dit is nie in berekening gebring nie.

(iv) Rente op kapitaal word bereken teen 8% van die kapitaal saldo's.

Op 1 Junie 2016, het Pinky haar kapitaal vermeerder met R40 000, en Brian het sy kapitaal verminder met R10 000. Hierdie veranderinge is aangeteken.

(v) Pinky is geregtig op 'n produksiebonus gelykstaande aan 2% van totale verkope.

(vi) Die oorblywende wins of verlies moet verdeel word in verhouding van die vennote se kapitaal-saldo's aan die einde van die finansiële jaar.

**75**

## VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE – FINANSIËLE STATE EN VERTOLKING

**(35 punte; 20 minute)**

3.1 Kies die stelling in KOLOM B wat by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E), teenoor die nommers (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Opbrengs | A | Die effektiewe bestuur van uitgawes |
| 3.1.2 | Solvensie | B | Die mate waartoe die besigheid gebruik maak van langtermyn skuld (lenings) |
| 3.1.3 | Winsgewend-heid | C | Die vermoë van die besigheid om korttermyn skuld in die volgende finansiële periode te betaal |
| 3.1.4 | Likiditeit | D | Vennote se verdienste van die netto wins |
| | | E | Die verhouding van totale bates tot totale laste |

(4)

3.2 **MP HANDELAARS**

Inligting uit die rekords van MP Handelaars (met vennote Monty en Python) word vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2017, gegee.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die volgende:

- Persentasie winsopslag op kosprys (4)
- Persentasie bedryfsuitgawes op verkope (3)
- Totale verdienste van Monty (4)
- Die persentasie opbrengs verdien deur Python (5)
- Die skuld/ekwiteitsverhouding vir 2017 (3)

3.2.2 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die besigheid. In jou antwoord moet jy TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aanhaal en verduidelik. (4)

3.2.3 Het die vennote reg opgetree deur die lening te verhoog? Verduidelik. Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers, aan in jou verduideliking. (4)

3.2.4 Monty is nie tevrede met die opbrengs op sy belegging nie. Verduidelik waarom jy dink hy so voel. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

A. Uittreksel van die Inkomstestaat op 30 April 2017:

| | |
|---|---|
| Verkope | R 4 257 000 |
| Bruto wins | 1 677 000 |
| Bedryfsuitgawes | 1 064 250 |
| Netto wins vir die jaar | 720 000 |

B. Uittreksel van die vennote se Privaatrekeninge op 30 April 2017:

| | MONTY | PYTHON |
|---|---|---|
| Totale primêre verdeling | ? | 279 570 |
| Vennote se deel van oorblywende wins | 118 020 | 59 010 |
| Onttrekkings | 198 000 | 210 000 |

C. Uittreksel van die Balansstaat op 30 April:

| | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| **Vennote se ekwiteit** | **1 237 300** | **838 300** |
| • Kapitaal | 975 000 | 885 000 |
| • Privaatrekeninge | 262 300 | (46 700) |
| **Lening: Simi Bank** | **742 380** | **85 000** |
| **Bedryfsbates** | **598 080** | **441 600** |
| • Handelsvoorraad | 276 400 | 200 800 |
| • Handels- en ander ontvangbare bedrae | 288 880 | 220 600 |
| • Kontant en kontantekwivalente | 32 800 | 20 200 |
| **Bedryfslaste** | **427 200** | **368 000** |
| • Handels- en ander betaalbare bedrae | 328 360 | 339 240 |
| • Korttermyn gedeelte van lening | 98 840 | 28 760 |

D. Besonderhede van vennote se ekwiteit op 30 April:

| | MONTY | | PYTHON | |
|---|---|---|---|---|
| | 2017 | 2016 | 2017 | 2016 |
| Kapitaal | 650 000 | 535 000 | 325 000 | 350 000 |
| Privaatrekeninge | 202 720 | 22 300 | 59 580 | (69 000) |
| | 852 720 | 557 300 | 384 580 | 281 000 |

E. Finansiële aanwysers op 30 April:

| | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,4 : 1 | 1,2 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,8 : 1 | 0,7 : 1 |
| Skuld/ekwiteitsverhouding | ? | 0,1 : 1 |
| Opbrengs op belegging: Monty | 54% | 46% |
| Opbrengs op belegging: Python | ? | 81% |
| Opbrengs op kapitaal aangewend | 69% | 43% |
| Rentekoers op lenings | 13% | 13% |

**35**

## VRAAG 4: BEGROTINGS EN KLUBS (70 punte; 40 minute)

### 4.1 Begrotings en Geprojekteerde Inkomstestaat

4.1.1 Noem EEN verskil tussen 'n Kontantbegroting en 'n Geprojekteerde Inkomstestaat. (2)

4.1.2 Gee TWEE items wat nie in 'n Kontantbegroting sal verskyn nie. (2)

4.1.3 Verduidelik waarom 'n besigheid die werklike bedrae ontvang of betaal met die begrote bedrae sal vergelyk. (2)

### 4.2 Thabo se Gimnasium

Thabo se Gimnasium bied oefenfasiliteite aan. Hy bedryf ook 'n gim winkel wat verversings en oefentoerusting aan die publiek verkoop.

**GEVRA:**

4.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir die begrotingsperiode. (10)

4.2.2 Vul die ontbrekende bedrae in om die Kontantbegroting wat voorsien word, te voltooi. (28)

4.2.3
- Bereken die persentasie verhoging in salarisse en lone. (3)
- Verduidelik waarom die werkers met hierdie verhoging tevrede/nie tevrede nie, behoort te wees. (2)

4.2.4 Thabo is bekommerd oor die volgende items vir November 2017:

| ITEMS | BEGROTE BEDRAG | WERKLIKE BEDRAG |
|---|---|---|
| Fooi-inkomste | 33 600 | 23 520 |
| Telefoon | 5 000 | 8 460 |
| Onderhoud: oefentoerusting | 13 000 | 8 200 |

- Verskaf 'n rede vir sy kommer oor elk van die gelyste items. (3)
- Gee vir Thabo praktiese advies hoe om in elke geval die probleem aan te spreek. (3)

**INLIGTING:**

A. Gimnasiumfooie is R420 per maand per lid.

Op 31 Oktober 2017 was daar 80 geregistreerde lede. Thabo verwag dat die ledetal met 25% sal verhoog gedurende Desember 2017.

B. 30% van alle verkope in die Gim Winkel is op krediet.

60% van debiteure betaal gedurende die maand van verkope
38% betaal in die volgende maand
Die balans word hierna afgeskryf.

C. Alle goedere word op krediet aangekoop. Krediteure word binne 30 dae betaal om 10% korting te ontvang vir vroeë betaling.

D. Verkope- en Aankopesyfers vir die begrote periode:

| | OKTOBER | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|
| Werklike en begrote verkope | 95 000 | 100 000 | 150 000 |
| Werklike en begrote aankope | 58 000 | 62 000 | 94 000 |

E. Kontantbegroting vir begrote periode wat eindig op 31 Desember 2017.

| **ONTVANGSTES** | **NOVEMBER** | **DESEMBER** |
|---|---|---|
| Kontant verkope | 70 000 | |
| Kontant van debiteure | | |
| Fooi-inkomste (gimnasium lede) | 33 600 | |
| Huurinkomste | | 10 638 |
| Lening: Thabo Snr | 80 000 | 0 |
| **TOTALE ONTVANGSTES** | | 196 038 |
| **BETALINGS** | | |
| Betalings aan krediteure (vir voorraad) | | |
| Salarisse en lone | 24 000 | 25 800 |
| Persoonlike afrigters (fooie) | 21 400 | |
| Skoonmaakmiddels | 4 500 | 4 500 |
| Telefoon | 5 000 | 5 000 |
| Onderhoud van toerusting | 13 000 | 16 280 |
| Aankoop van nuwe toerusting | | 0 |
| Paaiement op lening (rente ingesluit) | 0 | |
| Diverse uitgawes | | 18 375 |
| **TOTALE BETALINGS** | | |
| **SURPLUS/TEKORT** | | |
| **OPENINGSALDO VAN BANK** | **(6 930)** | |
| **SLUITINGSALDO VAN BANK** | | |

F. Huur sal met 8% verhoog vanaf 1 Desember 2017.

G. Thabo het 5 persoonlike afrigters in diens gedurende November. Hulle ontvang dieselfde maandelikse fooi. Hy gaan 2 addisionele afrigters gedurende Desember in diens neem, teen dieselfde maandelikse fooi as die ander vyf afrigters.

H. Onderhoud van toerusting word geskat as 4% van die kosprys van die toerusting, eweredig versprei deur die jaar. Addisionele toerusting sal aangekoop word op 30 November 2017.

I Thabo beplan om ’n lening by sy vader te maak op 1 November 2017 met rente teen 15% p.j. Hy onderneem om ’n maandelikse paaiement van R5 000 en die rente te betaal vanaf 1 Desember 2017.

J Diverse uitgawes vir Desember sal na verwagting 1,5 keer die November-bedrag wees as gevolg van die groter opkoms gedurende die vakansieseisoen.

## 4.3 SPORTKLUBS

Inligting aangaande die lede van Mbizana Sosiale Klub vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 word gegee.

**GEVRA:**

Voltooi die Ledegeldrekening in die Algemene Grootboek. (15)

**INLIGTING:**

A. Saldo's op 31 Desember 2015:

| | |
|---|---|
| Opgelope inkomste (Ledegeld) | 4 800 |
| Vooruitontvange inkomste (Ledegeld) | 1 800 |

B. Uittreksel van Staat van Ontvangstes en Betalings op 31 Desember 2016.

| | | |
|---|---|---|
| Ledegeld ontvang | vir 2015 | 1 200 |
| | vir 2016 | 42 100 |
| | vir 2017 | 600 |
| Ledegeld terugbetaal | | 900 |

C.
- Die klub het 87 lede op 31 Desember 2015 gehad.
- Ledegeld is R600 per lid per jaar.
- Nuwe lede betaal slegs vir die oorblywende maande van die jaar wanneer hulle aansluit.
- Nuwe lede:
  - 7 nuwe lede het aangesluit op 30 April 2016.
  - 9 lede het aangesluit op 1 November 2016.
  - Hulle het die verskuldigde gelde betaal.
- Die uitstaande ledegeld van 2015 moet afgeskryf word. Hierdie lede moet van die klub se lederegister verwyder word.
- 3 lede het gedurende Julie 2016 van die klub bedank. Die helfte van hul jaarlikse ledegeld is aan hulle terugbetaal.
- 2 lede het herstelwerk en onderhoud aan die klubhuis gedoen ter betaling van hul ledegeld.
- Sommige lede het nie hul ledegeld vir 2016 betaal nie.

**70**

## VRAAG 5: KOSTEBEREKENINGE (45 punte; 25 minute)

5.1 Kies die voorbeeld in KOLOM B wat pas by die koste-kategorie gegee in KOLOM A. Skryf slegs die letters (A–E) teenoor elke vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Direkte grondstofkoste | A | Waardevermindering op fabrieks-toerusting |
| 5.1.2 | Direkte arbeidskoste | B | Skryfbehoeftes aangekoop vir kantoor-gebruik |
| 5.1.3 | Verkoops- en verspreidingskoste | C | Vervoerkoste van grondstowwe |
| 5.1.4 | Administrasiekoste | D | Advertensies in die Dagblad |
| | | E | Pensioenfondsbydraes vir produksie-werkers |

(4)

5.2 **Pefferville Vervaardigers**

Die volgende inligting het betrekking op Pefferville Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2017.

**GEVRA:**

5.2.1 Bereken die Fabrieksbokoste. (16)

5.2.2 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek:

- Goedere in bewerking-voorraad (8)
- Klaarproduktevoorraad (5)

**INLIGTING:**

A. **Voorraadrekords:**

| | 28 Februarie 2017 | 1 Maart 2016 |
|---|---|---|
| Grondstowwe | 27 420 | 32 110 |
| Goedere in bewerking | 25 000 | 24 270 |
| Klaarprodukte | 58 000 | 38 000 |
| Verbruiksgoedere vir fabriek | 2 300 | 0 |

B. **Transaksies vir die jaar geëindig 30 April 2017 (onder andere):**

| | R |
|---|---|
| **Grondstowwe:** | |
| Grondstof aan die fabriek uitgereik vir produksie | 562 000 |
| | |
| **Salarisse en lone vir die fabriek:** | |
| • Fabrieksvoorman | 148 800 |
| • Fabriekskoonmakers | 62 200 |
| • Produksiewerkers (slegs gewone tyd) | 643 000 |
| • Werkgewersbydraes | 93 940 |
| | |
| Aankope van verbruiksgoedere vir fabriek | 45 300 |
| Huuruitgawe | 92 400 |
| Water en elektrisiteit | 83 280 |
| Versekering | 15 400 |
| Diverse uitgawes | 17 776 |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | 51 840 |
| Advertensies | 7 350 |
| **Verkope** | 2 752 000 |
| Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 60% op kosprys. | |

C. **Addisionele inligting:**

- Die werkgewer se bydraes namens elke werker:

| | |
|---|---|
| Pensioenfonds | 9% |
| Werkloosheidsversekeringsfonds | 1% |
| Vaardigheidsontwikkeling | 1% |

- Die besigheid laat geen oortyd toe nie.
- Die huuruitgawe moet verdeel word volgens die vloerspasie wat deur elke departement gebruik word. Die fabriek gebruik 2 600 vierkante meter van die besigheid se totale oppervlakte van 3 640 vierkante meter.
- 65% van die water en elektrisiteitsrekening word aan die fabriek toegedeel.
- 10% van die versekering is vir die kantoor. Die balans word gelykop verdeel tussen die fabriek en die verkoopsafdeling.
- Die helfte van die diverse uitgawes word aan die fabriek toegedeel.

5.3 **SaSa Meubeleerders**

Die inligting het betrekking op die vervaardiging van plastiek kroeg stoele. Daar is geen goedere in bewerking voorraad aan die einde van ’n finansiële jaar nie.

**GEVRA:**

5.3.1 Gee EEN verskil tussen ’n vaste koste en ’n veranderlike koste. (2)

5.3.2 Bereken die aantal plastiek kroeg stoele wat die besigheid moet vervaardig om gelyk te breek. (5)

5.3.3
- Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt bereken in VRAAG 5.3.2 en die vlak van produksie wat behaal is. (3)
- Watter advies sou jy vir SaSa gee ten opsigte van die toekoms? Gee EEN punt. (2)

**INLIGTING:**

A. Kostes vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2016:

| | | **TOTALE BEDRAG (R)** | **EENHEIDS-KOSTE (R)** |
|---|---|---|---|
| Direkte grondstofkoste | (VERANDERLIKE KOSTE) | 1 576 800 | 54,00 |
| Direkte arbeidskoste | (VERANDERLIKE KOSTE) | 1 314 000 | 45,00 |
| Fabrieksbokoste | (VASTE KOSTE) | 817 600 | 28,00 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | (VERANDERLIKE KOSTE) | 467 200 | 16,00 |
| Administrasiekoste | (VASTE KOSTE) | 262 800 | 9,00 |

B. Verkoopprys van stoele: R155 elk.

C. 29 200 stoele is vervaardig en verkoop gedurende die huidige finansiële jaar.

**45**

## VRAAG 6: VASTE BATES EN PROBLEEMOPLOSSING (30 punte; 20 minute)

### 6.1 BESTUUR VAN VASTE BATES

Die inligting het betrekking op Pitt Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

**GEVRA:**

6.1.1 Voltooi die Bateverkoperekening vir die inruiling op 1 Desember 2016. (9)

6.1.2 Bereken die bedrae aangedui deur **(i)** tot **(iv)** in die Nota vir Vaste Bates. (12)

**INLIGTING:**

A. **Nota vir Vaste Bates**

| | GROND EN GEBOUE | VOERTUIE | TOERUSTING |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde op 1 Maart 2016** | 1 500 000 | 250 000 | |
| Kosprys | | 740 000 | 520 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | **(ii)** | (210 000) |
| **Bewegings** | | | |
| Toevoegings | **(i)** | **(iii)** | 160 000 |
| Bateverkope | 0 | 0 | (77 248) |
| Waardevermindering | 0 | **(iv)** | |
| **Drawaarde op 28 Februarie 2017** | 1 860 000 | | |
| Kosprys | | 1 070 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |

B. Uitbreidings aan die pakhuis is gedoen.

C. ’n Nuwe voertuig is op 1 November 2016 aangekoop.

D. Op 1 Desember 2016 is toerusting, met ’n kosprys van R142 000, ingeruil vir nuwe toerusting. Hierdie inruiling het gelei tot ’n verlies met verkoop van bate van R20 948.

E. Beleid vir waardevermindering:
Voertuie: 15% op kosprys
Toerusting: 20% op drawaarde

Kopiereg voorbehou

6.2 **PROBLEEMOPLOSSING**

Marie Jonker besit drie minibus taxis. Sy is bekommerd oor die resultate van die besigheid.

**GEVRA:**

6.2.1 Identifiseer EEN hoofprobleem vir elke taxi. Haal syfers aan. (6)

6.2.2 Gee ’n oplossing vir die probleme geïdentifiseer in VRAAG 6.2.1. (3)

**INLIGTING:**

**Inligting uit die besigheid se finansiële rekords op 30 Junie 2017, die einde van die finansiële jaar.**

| | **TAXI 1** | **TAXI 2** | **TAXI 3** |
|---|---|---|---|
| Datum aangekoop | 1 Julie 1997 | 1 April 2013 | 1 Mei 2016 |
| Kosprys van voertuig | R94 500 | R230 000 | R360 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | R94 449 | R195 500 | R84 000 |
| Totale inkomste uit taxirit-gelde | R975 000 | R600 000 | R320 640 |
| Kilometers gery | 81 250 km | 52 500 km | 26 720 km |
| Ritgelde per kilometer | R12 | R12 | R12 |
| Brandstof en herstelkoste | R585 000 | R270 000 | R65 000 |
| Brandstof en herstelkoste per kilometer | R7,20 | R5,15 | R2,45 |
| | | | |
| Begrote inkomste uit ritgelde (totaal) | R2 500 000 | | |
| Begrote brandstof en herstelkoste (totaal) | R875 000 | | |

**30**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou